Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die reëls uitgevaardig ingevolge Goewermentskennisgewing R. 1771 van 5 Oktober 1973 gewysig met ingang van 29 Julie 1974 deur in paragraaf 6 van die Bylae waar dit onder die opskrif "Durban" voorkom -

(a) die uitdrukking "Vragkantoor, geleë in die eindgebou te Louis Bothalughawe" te skrap; en

(b) die uitdrukking "Pakkamer geleë in die Lugvragmagasyn van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, "Buckingham Court"-gebou, h/v Smith- en Farewellstraat, Durban", deur die volgende te vervang:

"Lugvragdepot, Louis Bothalughawe, Durban".

V. PIENAAR,
*Sekretaris van Doeane en Aksyns.*

OPMERKING: Voorsiening word gemaak te Durban vir die aanwysing van die deurvoerloods geleë te Louis Bothalughawe ter vervanging van die deurvoerloods geleë in die Lugvragmagasyn van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Durban.

No. R. 1270 (Republic)] [26 July 1974

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF RULES (NO. DAR/7).

Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the rules published in Government Notice R. 1771 of 5 October 1973, are amended with effect from 29 July 1974, by -

(a) the deletion of the expression "Freight Office, situated in the terminal building at Louis Botha Airport"; and

(b) the substitution for the expression "Storeroom situated in the Air Freight Depot of the South African Railways, Buckingham Court Building, cor. Smith and Farewell Streets, Durban" of the following:

"Air Freight Depot, Louis Botha Airport".

in paragraph 6 of the Schedule under the heading "Durban".

V. PIENAAR,
*Secretary for Customs and Excise.*

NOTE: Provision is made at Durban for the appointment of the transit shed situated at Louis Botha Airport as replacement for the transit shed situated in the Air Freight Depot of the South African Railways, Durban.

---

No. R.1273 (Republiek)] [26 Julie 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.- WYSIGING VAN REËLS (NO. DAR/8)

Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet,

No. R.1273 (Republic)] [26 July 1974

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF RULES (NO. DAR/8).

Under section 120 of the Customs and Excise Act,

1964, word die Bylae by die reëls uitgevaardig ingevolge Goewermentskennisgewing R.1771 van 5 Oktober 1973 met ingang van 1 Augustus 1974 gewysig deur -

(a) in paragraaf 4 na "Jan Smutslughawe" die volgende in te voeg:

"Krugersdorp: Lanserialughawe".; en

(b) in paragraaf 5 na "Jan Smutslughawe" en die besonderhede daaronder die volgende in te voeg:

"Krugersdorp: Vir persone en goedere: Lanserialughawe".

SEKRETARIS VAN DOEANE EN AKSYNS.

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat Lanserialughawe as 'n doeane-en-aksynslughawe en as 'n plek vir die afstap of aan boord gaan van persone en die landing, oplaai of ondersoek van goedere (met inbegrip van bagasie) aangewys word.

1964, the Schedule to the rules published in Government Notice R.1771 of 5 October, 1973, is amended with effect from 1 August, 1974, by -

(a) the insertion after "Jan Smuts Airport" in paragraph 4 of the following:

"Krugersdorp: Lanseria Airport"; and

(b) the insertion after "Jan Smuts Airport" and the particulars thereunder in paragraph 5 of the following:

"Krugersdorp: For persons and goods: Lanseria Airport".

SECRETARY FOR CUSTOMS AND EXCISE.

NOTE: The effect of this notice is that Lanseria Airport is appointed a customs and excise airport and a place for the landing or embarkation of persons and the landing, loading or examination of goods (including baggage).

---

No. R. 1343 (Republiek)] ........[9 Augustus 1974

## DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD.

## WYSIGING VAN DIE REËLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN SPESIALITEITE VAN GENEESHERE EN TANDARTSE, DIE VEREISTES WAARAAN VOLDOEN MOET WORD ALVORENS HULLE SPESIALITEITE GEREGISTREER KAN WORD, DIE VOORWAARDES WAT ENIGE PERSOON VAN SODANIGE VEREISTES VRYSTEL, EN DIE VOORWAARDES BETREFFENDE DIE PRAKTYK VAN GENEESHERE EN TANDARTSE WIE SE SPESIALITEITE GEREGISTREER IS.

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94(4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysiging van die reëls wat die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel 94(2)(r) van die Wet opgestel het en wat afgekondig is by Goewermentskennisgewing R.135 van 7 Februarie 1969, soos gewysig:

Die invoeging na die woord "word" aan die einde van Opmerking (6) by Reël 5(d) van die volgende woorde: "en in die geval van Nederland alle hospitaalafdelings wat deur die Nederlandse Specialisten Registratie Commissie as A-opleidings-afdelings erken word."

No. R. 1343 (Republic)] [9 August 1974

## THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.

## AMENDMENT OF THE RULES REGARDING THE REGISTRATION OF THE SPECIALITIES OF MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS, THE REQUIREMENTS TO BE SATISFIED BEFORE THEIR SPECIALITIES CAN BE REGISTERED, THE CONDITIONS WHICH SHALL EXEMPT ANY PERSON FROM SUCH REQUIREMENTS AND THE CONDITIONS GOVERNING THE PRACTICE OF MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS WHOSE SPECIALITIES HAVE BEEN REGISTERED.

The Minister of Health has, in terms of section 94(4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, approved the following amendment to the rules made by the South African Medical and Dental Council under section 94(2)(r) of the Act and published under Government Notice R.135 of 7 February 1969, as amended:

The insertion after the word "Council" at the end of Note (6) to Rule 5(d) of the following words: "and in the case of the Netherlands all hospital departments recognised by the Committee of Specialist Registration as A teaching departments."

No. R. 1347 (Republiek)] [9 Augustus 1974

## DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.- WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/290).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
*Minister van Finansies.*

BYLAE

| I<br>Tariefpos | II<br>Statistiese Eenheid | III<br>Skaal van Reg<br>Algemeen | IV<br><br>M.B.N. | V<br><br>Voorkeur |
|---|---|---|---|---|
| 76.03 Deur subposte Nos. 76.03.20.20 en 76.03.20.30 deur die volgende te vervang: | | | | |
| ".15 Met 'n dikte van meer as 2 mm maar hoogstens 10 mm | kg | 70c per kg min 70 persent van die prys v.a.b." | | |

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie wysiging is dat die reg op sekere aluminiumplatplate, -fynplate en -band met 'n dikte van meer as 3,5 mm maar hoogstens 10 mm, 'n wydte van meer as 1,5 m en 'n lengte van meer as 5 m, verhoog word van vry na 70c per kg min 70 persent van die prys v.a.b.

No. R. 1347 (Republic)] [9 August 1974

## CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/290).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
*Minister of Finance.*

SCHEDULE

| I<br>Tariff Heading | II<br>Statistical unit | III<br>Rate of Duty<br>General | IV<br><br>M.F.N. | V<br><br>Preferential |
|---|---|---|---|---|
| 76.03 By the substitution for subheadings Nos. 76.03.20.20 and 76.03.20.30 of the following: | | | | |
| ".15 Of a thickness exceeding 2 mm but not exceeding 10 mm | kg | 70c per kg less 70 per cent of the f.o.b. price" | | |

NOTE: The effect of this amendment is that the duty on certain aluminium flat plates, sheets and strip of a thickness exceeding 3,5 mm but not exceeding 10 mm, a width exceeding 1,5m and a length exceeding 5 m, is increased from free to 70c per kg less 70 per cent of the f.o.b. price.

No. R. 1348 (Republiek)] [9 Augustus 1974

## DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.- WYSIGING VAN BYLAE NO. 2 (NO. 2/96).

Kragtens artikel 55 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 2 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
*Minister van Finansies.*

No. R. 1348 (Republic)] [9 August 1974

## CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 2 (NO. 2/96).

Under section 55 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 2 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
*Minister of Finance.*

BYLAE

| I Item | II Tariefpos en Beskrywing | III Korting-items | IV Gebiede |
|---|---|---|---|
| 216.02 | Deur paragraaf (2) van tariefpos No. 85.20 deur die volgende te vervang: | | |
| | "(2) Motorvoertuiggloeilampe | | Frankryk<br>Korea<br>Nederlande<br>V.K.<br>V.S.A.<br>W. Duits." |

OPMERKING: Voorsiening word gemaak vir 'n gewone anti-dumpingreg op motorvoertuiggloeilampe indien ingevoer of afkomstig uit Korea.

SCHEDULE

| I Item | II Tariff Heading and Description | III Rebate Items | IV Territories |
|---|---|---|---|
| 216.02 | By the substitution for paragraph (2) of tariff heading No. 85.20 of the following: | | |
| | "(2) Motor vehicle filament lamps. | | France<br>Korea<br>Netherlands<br>U.K.<br>U.S.A.<br>W. Germ." |

NOTE: Provision is made for an ordinary anti-dumping duty on motor vehicle filament lamps if imported from or originating in Korea.

---

No. R. 1349 (Republiek)] [9 Augustus 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.- WYSIGING VAN BYLAE NO. 4 (NO. 4/147).

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 4 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
*Wnd. Minister van Finansies.*

BYLAE

| I Item | II Tariefpos en Beskrywing | III Mate van Korting |
|---|---|---|
| 460.15 | Deur tariefpos No. 74.07 deur die volgende te vervang: | |
| | "74.07 Buise en pype, van koper, in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Nywerheidswese by bepaalde permit toelaat. | Volle reg" |

OPMERKING: Die bestaande voorsiening teenoor tariefpos No. 74.07 word vervang deur 'n voorsiening vir 'n volle korting op reg op alle koperbuise en -pype wat kragtens 'n bepaalde permit ingevoer word.

No. R. 1349 (Republic)] [9 August 1974

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.- AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 4 (NO. 4/147).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 4 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
*Act. Minister of Finance.*

SCHEDULE

| I Item | II Tariff Heading and Description | III Extent of Rebate |
|---|---|---|
| 460.15 | By the substitution for tariff heading No. 74.07 of the following: | |
| | "74.07 Tubes and pipes, of copper, in such quantities and at such times as the Secretary for Industries may allow by specific permit | Full duty" |

NOTE: The existing provision against tariff heading No. 74.07 is substituted by a provision for a rebate of the full duty on all copper tubes and pipes which are imported in terms of a specific permit.

# Algemene Kennisgewings

(No. 37 van 1974)

MUNISIPALITEIT VAN GROOTFONTEIN: PERMANENTE SLUITING VAN 'N STRAATGEDEELTE EN OOP RUIMTES IN GROOTFONTEIN.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 183(1)(b) van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Stadsraad van Grootfontein voornemens is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan GFL-200/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê, permanent te sluit:

(a) Gedeelte van Okavangoweg (Ged. van Erf 126)
(b) Oop ruimtes bekend as erwe 200 en 216

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge artikel 183(3) van bogenoemde Ordonnansie binne 30 dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur bestel word.

C.R. LIEBENBERG
Stadsklerk

Kennisgewing 13/74
17 Julie 1974.

(No. 38 van 1974).

AANSOEK OM GROND TOT 'N PRIVATE WILDRESERWE TE LAAT PROKLAMEER.

Kennis geskied hierby dat Mnr. P. K. H. SCHEIDE van voorneme is om ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) en die regulasies daaringevolge afgekondig, sy plaas Fohlenhof 58 geleë in die distrik OKAHANDJA tot 'n private wildreserwe te laat proklameer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die datum hiervan.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

WINDHOEK.
Datum: 1 Augustus 1974.

# General Notices

(No. 37 of 1974)

MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN: PERMANENT CLOSING OF STREET PORTION AND OPEN SPACES IN GROOTFONTEIN.

Notice is hereby given in terms of section 183(1)(b) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, that the Municipal Council of Grootfontein proposes to close permanently the under-mentioned portions as indicated on plan GFL-200/A which lies for inspection during Office hours at the office of the Town Clerk:

(a) Portion of Okavango Road (Portion of Erf 126)
(b) Open spaces known as erven 200 and 216

Objections to the proposed closing are to be served on the Administrator within 30 days from the date of publication of this notice in terms of section 183(3) of the said Ordinance.

C.R. LIEBENBERG,
Town Clerk

Notice 13/74
17 July 1974

(No. 38 of 1974).

NOTICE TO HAVE LAND PROCLAIMED A PRIVATE GAME RESERVE.

Notice is hereby given that Mr. P. K. H. SCHEIDE proposes having his farm Fohlenhof 58 situated in the district of OKAHANDJA proclaimed a private game reserve in terms of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) and the regulations published thereunder.

Any person who wishes to lodge objections to such step is invited to do so in writing with me within three months from the date hereof.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Secretary for South West Africa.*

WINDHOEK.
Date: 1 August 1974.

(No. 401 van 1974) Republiek

## DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENINGE : WALVISBAAI

1. Ter inligting word bekend gemaak dat kleingeweer- en grofgeskut oefeninge op die datums hieronder vermeld te Walvisbaai uitgevoer sal word:-

*Kleingeweeroefeninge op Rooikop Klassifikasie-skietbaan en Oefeninge met Skerpammunisie op Swartkoppies Veldskietbaan*

1 Julie 1974 tot 31 Desember 1974 (uitsluitende Sondae en Openbare Vakansiedae)

2. Terwyl die oefeninge aan die gang is, sal dit gevaarlik wees om die gebied, in die Bylae omskryf, en die lugruim tot 3050 meters onmiddellik daarbo, binne te gaan.

3. Almal word gewaarsku om nie onontplofde ammunisie aan te raak nie. As iemand sulke ammunisie vind, moet die militêre owerhede of die SA Polisie daarvan verwittig word.

4. Skietbaanvoorrade moet nie deur ongemagtigde persone aangeraak of van die gebied verwyder word nie.

5. Enige persoon wat opsetlik nie die voorskrifte van kennisgewings of die tekens of bevele van die Bevelvoerder of lede van die veiligheidspatrollies gehoorsaam nie, of verontagsaam, kan vervolg word. Sodanige verontagsaming sal nie slegs tot vervolging lei nie, maar kan ook lewens en eiendom in ernstige gevaar stel.

6. Die Bevelvoerder, Kommandement Suidwes-Afrika, is kragtens die regulasies as Kompensasie-offisier aangestel en eise moet binne 30 dae na datum van die skietoefening by sy kantoor by Privaatsak X13220, Windhoek, ingedien word.

### BYLAE

### TERREIN VIR DIE OEFENING VAN LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG TE WALVISBAAI, IN DIE LANDDROSDISTRIK SWAKOPMUND

1. Beskrywing van gebied:

(a) *Swartkoppies Veldskietbaan.* Die gebied sluit in:

Vanaf 'n punt Breedtegraad 22° 57' 22" Suid-Lengtegraad 14° 33' 00" Oos tot by 'n punt by Breedtegraad 22° 44' 40" Suid-Lengtegraad 14° 33' 00" Oos tot 'n punt op die RSA/SWA grens by Breedtegraad 22° 44' 40" Suid-Lengtegraad 14° 39' 50" Oos langs die grens tot by 'n punt Breedtegraad 22° 58' 40" Suid-Lengtegraad 14°

(No. 401 of 1974) Republic

## DEPARTMENT OF DEFENCE: MILITARY TRAINING AND EXERCISES : WALVISBAAI.

1. It is notified for information that firing practises will be carried out with small arms and artillery at Walvisbaai on the following dates:

*Small Arms Practices at Rooikop Classification Range and Live Shell Practices at Swartkoppies Field Firing Range*

1 July 1974 to 31 December 1974 (excluding Sundays and Public Holidays)

2. While exercises are in progress it will be dangerous to enter the area described in the Annexure hereto, and the air space up to 3050 metres immediately above the area.

3. All persons are warned against handling unexploded ammunition. On the discovery of such items, the military authorities or SA Police, should be advised thereof.

4. Range stores must not be touched or moved from the area by any unauthorised person.

5. Any person who wilfully disobeys or disregards the direction of notices, or any signals, or orders by the officer in command or by members of safety patrols may be prosecuted. Such disregard will not only lead to prosecution but is likely to seriously endanger life and property.

6. The Officer Commanding, South West Africa Command, is appointed Compensation Officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at Private Bag 13220, Windhoek, within 30 days from the date of the exercise.

### ANNEXURE

### AREA FOR THE EXERCISING OF MEMBERS OF THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE AT WALVISBAAI IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF SWAKOPMUND

1. Description of area:

(a) *Swartkoppies Field Firing Range.* The area enclosed by:

From a point of latitude 22° 57' 22" South-Longitude 14° 33' 00" East, to a point at Latitude 22° 44' 40" South-Longitude 14° 33' 00" East to a point on the RSA/SWA border at Latitude 22° 44' 40" South-Longitude 14° 39' 50" East along the border to a point at Latitude 22° 58' 40" South-Longitude 14° 39' 40" East to

39' 40" Oos tot by die punt Breedtegraad 22° 58' 40" Suid-Lengtegraad 14° 36' 00" Oos tot by die oorsprong.

(b) *Rooikop Klassifikasieskietbaan.* Die gebied sluit in:

Vanaf 'n punt by Breedtegraad 23° 04' 30" Suid-Lengtegraad 14° 38' 55" Oos tot by 'n punt Breedtegraad 23° 00' 50" Suid-Lengtegraad 14° 38' 55" Oos tot 'n punt op die RSA/SWA grens by Breedtegraad 23° 00' 50" Suid-Lengtegraad 14° 40' 07" Oos langs die grens tot by 'n punt Breedtegraad 23° 04' 30" Suid-Lengtegraad 14° 41' 10" Oos tot by die oorsprongpunt.

a point at Latitude 22° 58' 40" South-Longitude 14° 36' 00" East to the point of origin.

(b) *Rooikop Classification Range.* The area enclosed by:

From a point at Latitude 23° 04' 30" South-Longitude 14° 38' 55" East to a point at Latitude 23° 00' 50" South-Longitude 14° 38' 55" East to a point on the RSA/SWA border at Latitude 23° 00' 50" South-Longitude 14° 40' 07" East along the border to a point at Latitude 23° 04' 30" South-Longitude 14° 41' 10" East to the point of origin.

(No. 465 van 1974). Republiek

Ingevolge artikel vier-en-dertig (2) van die Bouverenigingswet, 1965, word onderstaande saamgestelde opgawe vir algemene inligting gepubliseer:-

(No. 465 of 1974.) Republic

In terms of section thirty-four (2) of the Building Societies Act, 1965, the following composite return is published for general information:-

## SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG 31 MEI 1974.

## SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED 31 MAY 1974.

| | Getal/Number | Bedrag/Amount R | Bedrag/Amount R |
|---|---|---|---|
| **Getal verenigings/Number of societies** | 14 | | |
| **Aandelekapitaal/Share capital:** | | | |
| **Onbepaalde/Indefinite** | | 1 971 247 222 | |
| **Vaste termyn/Fixed period** | | 741 531 527 | |
| Totaal/Total | | | 2 712 778 749 |
| **Algemene reserwe/General reserve** | | | 123 145 530 |
| **Deposito's/Deposits:** | | | |
| **Vaste/Fixed** | | 1 079 626 914 | |
| **Spaar/Savings** | | 886 123 365 | |
| Totaal/Total | | | 1 965 750 279 |
| **Opgelope rente/Accrued interest** | | | 28 585 131 |
| **Kollaterale kontantdeposito's/Collateral cash deposits** | | | 5 082 615 |
| **Opgelope rente/Accrued interest** | | | 82 332 |
| **Lenings en oortrekkings/Loans and overdrafts** | | | 5 816 150 |
| Voorskotte teen verband/Mortgage advances: | | | |
| (1) Alle voorskotte/All advances | | | 3 936 649 995 |
| (2) Voorskotte/hervoorskotte toegestaan gedurende die tydperk 1.4.74 tot 31.5.74 vir/ Advances/re advances granted during the period 1.4.74 to 31.5.74 for - | | | |
| (a) woonhuise waar die lening/dwelling houses where advance - | | | |
| (i) meer as R18 000 is/exceeds R18 000 | | 37 957 117 | |
| (ii) R18 000 of minder is/is R18 000 or less | | 138 394 219 | |
| (b) woonstelle/flats | | 5 051 662 | |
| (c) besigheidsdoeleindes/business purposes | | 2 911 366 | |
| Totaal/Total | | | **184 314 364** |

| | | |
|---|---|---|
| (3) Toegestaan maar nie uitbetaal nie/Granted but not paid out .. | | 380 983 185 |
| Likwiede bates/Liquid assets: | | |
| Kontant en deposito's onmiddellik opvraagbaar/Cash and deposits withdrawable on demand ..... | 199 342 919 | |
| Lenings aan diskontohuise en wissels/Loans to discount houses and bills ..... | 5 000 000 | |
| Onbeswaarde effekte/Unencumbered securities ..... | 104 103 353 | |
| Opgelope rente/Accrued interest ..... | 2 330 003 | |
| Totaal/Total. ...... | | 310 776 275 |
| Statutêre minimum bedrag/Statutory minimum amount ..... | | 256 486 402 |
| Voorgeskrewe beleggings/Prescribed investments: | | |
| Likwiede bates/Liquid assets ..... | 310 776 275 | |
| Deposito's (behalwe die wat as likwiede bates geld)/Deposits (other than those ranking as liquid assets) ..... | 156 098 551 | |
| Lenings aan diskontohuise (behalwe die wat as likwiede bates geld-/Loans to discount houses (other than those ranking as liquid assets) | — | |
| Onbeswaarde effekte (behalwe die wat as likwiede bates geld)/Unencumbered securities (other than those ranking as liquid assets) .... | 160 470 694 | |
| Opgelope rente/Accrued interest ..... | 7 518 091 | |
| Totaal/Total. ...... | | 634 863 611 |
| Statutêre minimum bedrag/Statutory minimum amount ..... | | 469 395 468 |

## Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

6. Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

## Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations, if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R5,00 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 10c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels pos- of geldorders:

| *Tipe* | *Tarief* |
|---|---|
| 1. Oordrag van besigheid | R2,50 |
| 2. Vergadering van Balju | R2,50 |
| 3. Verklaring van dividend | R2,50 |
| 4. Verlore polis/akte/verband | R2,50 |
| 5. Regsveilings — Hooggeregshof | R4,00 |

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 35c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R5,00 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 10c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

| *Type* | *Charge* |
|---|---|
| 1. Transfer of business | R2,50 |
| 2. Meeting of Sheriff | R2,50 |
| 3. Declaration of dividend | R2,50 |
| 4. Lost policy/deed/bond | R2,50 |
| 5. Sale in execution — Supreme Court | R4,00 |

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 35c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

---

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

Kennis word hiermee gegee dat veertien (14) dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Landdroshof vir die distrik van WINDHOEK, vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie tans gehou deur EROS MEUBELS (EIENDOMS) BEPERK te Erf No. 1633, Kaiserstraat, Windhoek, aan L. N. J. DU PLESSIS wie besigheid sal doen onder die naam en styl van EROS MEUBELS op dieselfde persele vir sy eie rekening.

Prokureurs vir Applikant,
POWELL & SWARTZ,
United-gebou,
Posbus 20,
WINDHOEK.

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis word hiermee gegee dat veertien (14) dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Landdroshof vir die distrik van WINDHOEK, vir die oordrag van die Algemene Handelaars- en Patente Medisyne-Lisensie tans gehou deur WOLFGANG GERHARD HENCKERT wie handel dryf onder die naam en styl van BERGLAND STORE te plaas Bergland Nr. 264, distrik WINDHOEK, aan JACOBUS VAN DER WALT, HERMANN DENTLINGER en HANS DENTLINGER wie sal handel dryf onder dieselfde naam op dieselfde persele in vennootskap vir hul eie rekening.

POWELL & SWARTZ,
Prokureurs vir Applikant,
United-gebou,
Goeringstraat,
Posbus 20,
WINDHOEK.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

Kennis geskied hiermee dat 14 (veertien) dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Landdros te Walvisbaai, vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie, tans gehou deur mevrou E. A. COETZEE in die naam van KLAUS GÜNTER KANTAK wie besigheid sal drywe onder die handelsnaam van MINNEL'S BLOEMISTE op sy eie rekening op dieselfde perseel tewete Erf No. 1300, Walvisbaai, in die distrik van Walvisbaai, Suidwes-Afrika.

Gedateer te Walvisbaai hierdie 29ste dag van Julie 1974.

SCHAAF & LIEBENBERG,
Posbus 418,
WALVISBAAI.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

Kennis geskied hiermee dat veertien (14) dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Landdros Okahandja vir die oordrag van die Algemene Handelaars, Patente, Medisyne en Garage Lisensie tans gehou deur JACOBUS MICHAEL VISSER wat handel dryf as PDK SELFHELP op erf 75 Okahandja ten gunste van JACOBUS ANDREAS JOHANNES BLAAUW wie voortaan besigheid sal dryf op dieselfde perseel en onder dieselfde naam vir sy eie rekening.

J. A. J. BLAAUW.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

Kennis geskied hiermee dat 14 dae na publikasie hiervan aansoek gedoen sal word by die landdros te Tsumeb, vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie tans gehou deur DIRK JOHANNES ALBERTUS COETZEE aan BERND WILLI KARL ACKERMANN wie besigheid sal drywe onder die handelsnaam van Werda Store op sy eie rekening op dieselfde perseel, te wete te Erf No. 147, Tsumeb, in die distrik van Tsumeb.

Gedateer te Tsumeb, hierdie 1ste dag van Augustus 1974.

Michau & Gertenbach,
Posbus 259, Hoofstraat,
TSUMEB.

KENNISGEWING

Geliewe kennis te neem dat met die sitting van die Handelslisensie Hof te Otavi op 4 September 1974 aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die Tabak By Kleinmaat- en Spuit- en Minerale Water Handelslisensies wat gehou word deur P. J. Jacobsz te Erwe Nrs. 6 en 9, Otavi, onder die naam OTAVI HOTEL na SWAMP HOLDINGS (PTY) LIMITED met HORST FRITZ HILLMANN as Bestuurder wie vir eie rekening op dieselfde persele en onder dieselfde naam besigheid sal doen.

A. DAVIDS & KIE.,
Prokureurs vir Applikante,
Posbus 11,
OTJIWARONGO.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.